

ENDOSSEMENT CF2401 eff 2024-08

Die onderstaande wysigings, wat op **1 Augustus 2024** in werking tree, is in die volgende polisse ingesluit:

- **Safire Boerdery polis**
- **Safire Kommersiële polis**

Belangrike kontakbesonderhede

Die kontakbesonderhede van die Ombud vir Korttermynversekering (OSTI) is vervang deur die kontakbesonderhede van die nuut-gestigde Nasionale Finansiële Ombud (NFO), soos hieronder:

Nasionale Finansiële Ombud (NFO)

Indien jy 'n klagte rakende 'n produk, diens ontvang, of 'n eis mag hê, kan jy jou klagte na die Nasionale Finansiële Ombud verwys:

Kontakbesonderhede

Telefoon	0860 800 900
Epos	info@nfosa.co.za
Webtuiste	www.nfosa.co.za

Afdeling: Algemeen

4. ALGEMENE BEPALINGS EN VOORWAARDES

Kansellasië & voortgesette dekking

Die onderstaande 'afkoel' klousule is by hierdie bepaling bygevoeg:

Afkoelperiode na intree of variasie van die polis

- Onderhewig daaraan dat geen voordeel ingevolge hierdie polis ge-eis of betaal is nie, of dat geen gebeurtenis waarteen verseker is, plaasgevind het nie, is jy geregtig om jou polis binne 14 (veertien) dae vanaf:
 - ontvangs van jou nuwe polis dokumentasie; of
 - ontvangs van enige dokumentasie wat jou bestaande polis wysig, te kanselleer deur ons skriftelik van sodanige kansellasië in kennis te stel.
- Alle premies wat deur jou betaal is tot en met die datum waarop ons jou skriftelike kansellasiekennisgewing ontvang het, sal aan jou terugbetaal word, met dien verstande dat ons enige koste met betrekking tot die dekking wat jy geniet het, mag aftrek.

Eise

Klousule **D: Jou regte in geval van afwysing van eise of in geval jy die eisebedrag bevraagteken** is gewysig om die vervanging van die Ombud vir Korttermynversekering (OSTI) deur die **Nasionale Finansiële Ombud (NFO)** te toon.

HUISHOUDELIKE NIE-MOTOR AFDELINGS

Afdeling D01: Huiseienaars

D1.7 HUISEIENAARS VOORWAARDES

Son-installasies	Bykomende voorwaarde (neem asb ook kennis van die betrokke perke onder Aanhangsel B) Son-installasies A) Dit word gewaarborg dat 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS) goedgekeurde kombinasie klas 1 (een) en klas 2 (twee) stuwingsonderbreker in die hoof verdelingsbord van enige son-installasie geïnstalleer moet word. Sodanige onderbreker moet deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën en in ooreenstemming met die betrokke SANS regulasies geïnstalleer wees. B) Verlies of skade wat veroorsaak word deur diefstal of poging tot diefstal van fotovoltaiëse sonpanele wat op die dak van 'n versekerde gebou aangebring is, is onderhewig aan sigbare bewys van kragdadige verwydering van, of peuter met, sodanige sonpanele. C) Vergoeding met betrekking tot batterye wat aan 'n omskakelaar gekoppel is, is beperk tot die persentasie soos uiteengesit in Aanhangsel B.
-------------------------	--

D1.8 HUISEIENAARS UITSLUITINGS

Loodsuur / diep-siklus jel batterye	Bykomende uitsluiting Loodsuur / diep-siklus jel batterye Ons dek nie enige verlies of skade aan loodsuur en diep-siklus jel batterye wat deel van die elektriese installasie van 'n versekerde gebou, vorm nie.
Sonpanele op 'n grasdak	Uitsluiting gewysig
Bewoording van toepassing voor 1 Augustus 2024	
Ons dek nie verlies van of skade aan fotovoltaiëse sonpanele wat op 'n grasdak geïnstalleer is nie.	
Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (nuwe teks is in veldruk uitgelig)	
Ongeag die oorspronklike oorsaak, dek ons nie verlies of skade van enige aard veroorsaak deur, as gevolg van of vererger deur brand wat in enige gedeelte van 'n son-installasie wat op 'n grasdak van 'n versekerde gebou aangebring is, ontstaan nie.	

Afdeling D02: Huisbewoners

D2.7 HUISBEWONERS VOORWAARDES

Vuurwapens	Bykomende voorwaarde Vuurwapens A) Vuurwapens moet in 'n wapenkuis toegesluit wees indien dit nie gedra word nie, in ooreenstemming met wetlike en regulatoriese vereistes. B) Dekking vir verlies van vuurwapens is beperk tot diefstal uit sodanige kuis en onderhewig aan: - sigbare, daadwerklike en gedwonge of gewelddadige inbraak in die kuis; of - die sigbare, gewelddadige verwydering van die hele kuis; of - dreigement van geweld.
Son-installasies	Bykomende voorwaarde (neem asb ook kennis van die betrokke perke onder Aanhangsel B) Son-installasies A) Dit word gewaarborg dat 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS) goedgekeurde kombinasie klas 1 (een) en klas 2 (twee) stuwingsonderbreker in die hoof verdelingsbord van enige son-installasie geïnstalleer moet word. Sodanige onderbreker moet deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën en in ooreenstemming met die betrokke SANS regulasies geïnstalleer wees. B) Verlies of skade wat veroorsaak word deur diefstal of poging tot diefstal van fotovoltaiëse sonpanele wat op die dak van 'n versekerde gebou aangebring is, is onderhewig aan sigbare bewys van kragdadige verwydering van, of peuter met, sodanige sonpanele. C) Vergoeding met betrekking tot batterye wat aan 'n omskakelaar gekoppel is, is beperk tot die persentasie soos uiteengesit in Aanhangsel B.

Afdeling D02: Huisbewoners (vervolg)

D2.8 HUISBEWONERS UITSLUITINGS

Bewoording van toepassing voor 1 Augustus 2024

Lys van uitsluitings	A) Verlies of skade buite die Republiek van Suid-Afrika B) Verlies of skade aan: a) motorvoertuig(e), sleepwa(ens), watertuig of toebehore terwyl dit in of op die tuig is; b) Lewende hawe; c) aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, lugtyd koeponne, dokumente, manuskrippe, medaljes of muntstukke (insluitend goue muntstukke), behalwe soos spesifiek bepaal; d) fotovoltatiese sonpanele wat op 'n grasdak geïnstalleer is.
----------------------	--

Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (wysigings en nuwe teks is in vetdruk uitgelig)

Lys van uitsluitings	A) Ons dek nie verlies of skade buite die Republiek van Suid-Afrika nie. B) Ons dek nie Verlies of skade aan: a) motorvoertuig(e), sleepwa(ens), watertuig of toebehore terwyl dit in of op die tuig is; b) Lewende hawe; c) aktes, verbande, wisselbriewe, skuldbewyse, geld, tjeks, sekuriteite vir geld, seëls, lugtyd koeponne, dokumente, manuskrippe, medaljes of muntstukke (insluitend goue muntstukke), behalwe soos spesifiek bepaal; d) die versekerde inhoud, veroorsaak deur, as gevolg van of vererger deur brand wat in enige gedeelte van 'n son-installasie wat op 'n grasdak van die gebou waarin sodanige inhoud gehou word, ongeag die oorspronklike oorsaak; e) loodsuur en diepsiklus jel batterye nie.
----------------------	--

Afdeling D03: Persoonlike alle risiko's

D3.6 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S VOORWAARDES

Diefstal uit voertuie	Die 'Diefstal uit voertuie' perke is gewysig om nou beperkte dekking vir ongespesifiseerde alle risiko's items wat nie in 'n ingeslote kompartement versteek is nie, in te sluit. Verwys asseblief na die relevante perke in Aanhangsel B hieronder.
3.6.5 Juweliersware en horlosies	Klousule G) van hierdie voorwaarde is gewysig om die volgende uit te klaar: • Die bewyslas van eienaarskap en waarde van juweliersware en horlosies berus op die versekerde; • Indien eienaarskap bevestig is, maar die waarde nie bewys kan word nie, sal dekking tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B, beperk wees.

Bewoording van toepassing voor 1 Augustus 2024

- G) In die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat ten opsigte van juweliersware en horlosies, rus die onus op jou om bewys van eienaarskap en waarde te verskaf. Indien jy nie bewys van eienaarskap en waarde tot ons voldoening kan voorsien nie, sal die limiet soos genoteer in Aanhangsel B van toepassing wees. Die datum van die waardasiesertifikaat wat ter staving van jou eis voorsien word, moet die verlies voorafgaan.

Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (wysigings is in vetdruk uitgelig)

- G) In die afwesigheid van 'n waardasiesertifikaat ten opsigte van juweliersware en horlosies, rus die onus op jou om bewys van eienaarskap en waarde te verskaf. Indien jy nie bewys **van waarde** tot ons voldoening kan voorsien nie, sal die limiet soos genoteer in Aanhangsel B van toepassing wees. Die datum van die waardasiesertifikaat wat ter staving van jou eis voorsien word, moet die verlies voorafgaan.

D3.7 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S UITSLUITINGS

Sporttoerusting terwyl gebruik	Hierdie uitsluiting is bygevoeg om uit te klaar dat dekking nie uitgebrei is om skade aan sekere sporttoerusting terwyl dit gebruik word, in te sluit nie, en lees soos volg: Sporttoerusting terwyl dit gebruik word A) Tensy daar spesifiek in die skedule daarvoor voorsiening gemaak word, dek ons nie verlies van of skade aan die volgende sporttoerusting terwyl dit gebruik word nie: a) sporttoerusting wat in balsporte gebruik word (bv. raket of stokke); of b) sporttoerusting wat in 'n professionele hoedanigheid of vir jou persoonlike finansiële voordeel gebruik word.
--------------------------------	--

BOERDERY / KOMMERSIËLE NIE-MOTOR AFDELINGS

Afdeling 01: Brand

1.1 BRAND DEFINISIES

Versekerde eiendom

'Diverse items' is in die definisie van versekerde eiendom ingesluit, soos volg (bykomende teks is in vetdruk uitgelig):

- Geboue: geboue insluitend verhuurder se toebehore daarin of daaraan, mure (behalwe damwalle), hekke, pale en heinings.
- Aanleg: aanleg, masjinerie, verhuurder se toebehore waarvoor jy aanspreeklik is en / of huurder se verbeterings en / of alle ander inhoud, uitgesluit eiendom wat meer spesifiek verseker is.
- Voorraad: voorraad en handelsmateriaal.
- **Diverse items: diverse items soos beskryf.**

Afdeling 04: Sake-onderbreking

4.5 SAKE-ONDERBREKING OPSIONELE UITBREIDINGS

Die volgende opsionele uitbreidings is uit die bewoording verwyder:

2. Uitbreidings na ander persele
 - b) Verhinderende van toegang – uitgebreide dekking
3. Openbare telekommunikasie – uitgebreide dekking
4. Openbare dienste – uitgebreide dekking

Afdeling 13: Elektroniese toerusting

13.4 ELEKTRONIESE TOERUSTING DEKKING

Onder-afdeling A Materiële skade

Klousule A) van hierdie onder-afdeling is gewysig om uit te klaar dat slegs Rekenaartoerusting en Randtoerusting (soos omskryf) ingevolge hierdie afdeling verseker kan word.

Bewoording van toepassing voor 1 Augustus 2024

Onder-afdeling A

- A) Fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die skedule beskryf is uit enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit is nie, terwyl:
- a) in gebruik of nie op enige plek binne daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is;
 - b) in transito, insluitend laai en aflaai of terwyl tydelik by enige perseel onderweg gestoor is;
 - c) tydelik verwyder vanuit daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is na enige ander gebou. In hierdie geval sal tydelik 'n periode wat nie 90 (negentig) dae oorskry nie, beteken.

Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (wysiging in vetdruk)

Onder-afdeling A

- A) Fisiese verlies van of skade aan versekerde **rekenaar- en randtoerusting (soos omskryf)** wat in die skedule beskryf is uit enige oorsaak wat nie hierna uitgesluit is nie, terwyl:
- a) in gebruik of nie op enige plek binne daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is;
 - b) in transito, insluitend laai en aflaai of terwyl tydelik by enige perseel onderweg gestoor is;
 - c) tydelik verwyder vanuit daardie gedeelte van die gebou by die versekerde perseel, genoteer in die skedule, wat deur jou beset is na enige ander gebou. In hierdie geval sal tydelik 'n periode wat nie 90 (negentig) dae oorskry nie, beteken.

Afdeling 18: Sonaanleg

18.8 SONAANLEG UITSLUITINGS

Loodsuur en diepsiklus jel batterye

Bykomende uitsluiting

Loodsuur en diepsiklus jel batterye

Ons dek nie verlies of skade van watter aard ookal aan loodsuur en diepsiklus jel batterye nie.

AANSPREEKLIKHEID AFDELINGS

Afdeling LD01: Persoonlike aanspreeklikheid

1.5 PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

Sonpanele op 'n
grasdak

Bykomende uitsluiting

Sonpanele op 'n grasdak

Ongeag die oorspronklike oorsaak, dek ons nie jou aanspreeklikheid met betrekking tot verlies, skade, besering of dood van enige aard veroorsaak deur, as gevolg van of vererger deur brand wat in enige gedeelte van 'n son-installasie wat op 'n grasdak van 'n gebou aangebring is, ontstaan nie.

Afdeling LF/LC 01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid (Boerdery / Kommersieel)

L1.4 GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITBREIDINGS

L1.4.7 Werkgewers-
aanspreeklikheid

Die uitbreiding is gewysig om uit te klaar dat enige vergoeding wat betaalbaar is sal deur enige bedrag ontvang ingevolge enige werkers vergoedingswetgewing, verminder word.

Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (bykomende teks is in vetdruk uitgelig)

Werkgewersaanspreeklikheid

- A) Ons sal jou skadeloos stel vir skadevergoeding wat jy wettiglik aanspreeklik raak om te betaal na dood van of liggaamlike besering aan of siekte van enige persoon wat volgens 'n indiensnemingskontrak in jou diens is, en wat plaasgevind het in die loop en in verband met sodanige persoon se indiensname by jou binne die gebiedsperke en gedurende die versekeringstydperk.
- B) Die bedrag betaalbaar, insluitend enige regsonkoste vanaf jou verhaalbaar deur 'n eiser of enige aantal eisers, en alle ander kostes en uitgawes wat met ons toestemming aangegaan is vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, sal nie die perk genoteer in Aanhangsel B of sodanige hoër bedrag genoteer in die skedule en waarvoor bykomende premie betaal is, oorskry nie.
- C) Die bedrag wat ingevolge B) hierbo betaalbaar is, sal verminder word met 'n bedrag gelykstaande aan vergoeding deur jou ontvang of ontvangbaar ingevolge enige werkers vergoedingswetgewing met betrekking tot enige behandeling waarvoor vergoeding ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar is.**
- D) In gevalle waar jy en 'n prinsipaal aanspreeklik is vir dieselfde skadevergoeding en waar 'n ooreenkoms tussen jou en die prinsipaal so vereis, sal ons, niesteenstaande Algemene Uitsluiting 4. Kontraktuele aanspreeklikheid, die prinsipaal skadeloos stel op dieselfde wyse as vir jou, maar net met betrekking tot die aanspreeklikheid van die prinsipaal teenoor 'n werknemer, soos tevore vermeld, vir dood of liggaamlike besering of siekte van sodanige persoon wat voortspruit uit jou nalatigheid of die nalatigheid van jou werknemers, met dien verstande dat:
 - a) in geval van 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding, sal jy poog om met die prinsipaal reëlings te tref dat die hantering en beheer van alle eise by ons sal berus;
 - b) die prinsipaal sal, asof hy jy was, voldoen en onderworpe wees aan die bepalings, uitsluitings en voorwaardes (beide algemeen en spesifiek) van hierdie polis insoverre hulle van toepassing sal wees; en
 - c) ons aanspreeklikheid nie hierdeur verhoog word nie.

LF1.4.19 Oesbespuiting
(slegs Boerdery)

Die uitbreiding is gewysig om 'n vergoedingsperk in te sluit.

Bewoording van toepassing vanaf 1 Augustus 2024 (bykomende teks is in vetdruk uitgelig)

Oesbespuiting

- A) Die skadeloosstelling kragtens hierdie afdeling is uitgebrei om jou regs aanspreeklikheid in te sluit voortspruitend uit die spuit van oeste met insekdoders en onkruidodders en ander sodanige middels op landerye of veld in jou besit of deur jou bewoon.
- B) Die vergoedingsperk sal nie die bedrag genoteer in Aanhangsel B oorskry nie.**
- C) Ons sal jou nie skadeloos stel ten opsigte van enige aanspreeklikheid wat voortspruit uit lugbespuiting van oeste, plantasies, boorde, landerye of veld nie.

L1.7 GEMEENREGTELIKE AANSPREEKLIKHEID UITSLUITINGS

Sonpanele op 'n grasdak

Bykomende uitsluiting

Sonpanele op 'n grasdak

Ongeag die oorspronklike oorsaak, dek ons nie jou aanspreeklikheid met betrekking tot verlies, skade, besering of dood van enige aard veroorsaak deur, as gevolg van of vererger deur brand wat in enige gedeelte van 'n son-installasie wat op 'n grasdak van 'n gebou aangebring is, ontstaan nie.

MOTOR AFDELING

Afdeling M01: Motor

1.4 MOTOR UITBREIDINGS

Bande dekking – trekkers en stropers (slegs Boerdery)

Hierdie klousule is uitgebrei om bande dekking vir self-aangedrewe landbou-implemente wat vir boerdery gebruik word, in te sluit, en lees as volg (bykomende teks is in vetdruk uitgelig):

Bande dekking – slegs vir trekkers, stropers en self-aangedrewe landbou-implemente wat vir boerdery gebruik word

- A) Dekking onder hierdie afdeling is uitgebrei om totale verlies en onherstelbare skade aan bande **aan versekerde trekkers, stropers en self-aangedrewe implemente wat in die skedule genoteer is**, veroorsaak deur 'n versteekte objek op enige oppervlak, te dek, onderhewig daaraan dat:
- a) ons aanspreeklikheid is beperk tot die bedrag genoteer in Aanhangsel B;
 - b) jy, op jou eie onkoste, alle skade en slytasie deur 'n aanvaarde bande handelaar laat ondersoek, ten einde te bevestig of 'n band herstelbaar is aldan nie, asook om die mate van slytasie te bepaal. Sodanige slytasie sal van die vergoedingsbedrag afgetrek word. (bv. as jy die voordeel van 40% gebruik van jou band gehad het, sal ons jou slegs vir die oorblywende 60% vergoed.)
 - c) slegs die beskadigde band betaal sal word en nie 'n stel nie.

1.5 MOTOR OPSIONELE UITBREIDINGS

Afkoop van die basiese eerste bedrag betaalbaar

Hierdie klousule is uitgebrei met die opsie om die basiese bybetaling met betrekking tot motorfietse, af te koop en lees nou soos volg (bykomende teks is in vetdruk uitgelig):

Afkoop van die basiese eerste bedrag betaalbaar

Indien geselekteer, vervang hierdie opsionele uitbreiding Uitbreiding M1.4.6 Kwytstelling van die bybetaling as jy ouer as 55 jaar is.

- A) Die basiese eerste bedrag betaalbaar van voertuie omskryf in Voertuigkategorie A (sedan en LAW) **en Kategorie D (motorfietse), op voorwaarde dat hierdie opsionele uitbreiding vir die betrokke voertuig geselekteer is**, word hiermee geskrap.
- B) Hierdie dekking sluit Uitbreidings M1.4.2 Verlies of skade aan slotte en sleutels en M1.4.6 Windskerm / glas in.

AANHANGSEL A: BYBETALINGS

MOTOR

Kategorie A: Sedans / LAWs

Die R1 000 enkel-voertuig bybetaling met betrekking tot Kategorie A voertuie is nou onder die basiese bybetalings gelys. Indien 'n kliënt afkoop van die basiese bybetaling geselekteer het, sal die enkel-voertuig bybetaling dus NIE van toepassing wees NIE.

AANHANGSEL B: PERKE

HUISHOUDELIKE NIE-MOTOR AFDELINGS

Afdeling D01: Huiseienaars

Voor 1 Augustus 2024

Vanaf 1 Augustus 2024

D1.7 HUISEIENAARS VOORWAARDES

Son-installasies

Die onderstaande perke is van toepassing:

- Ouderdom van litium-ioon battery(e)
 - a) tot 5 jaar
 - b) meer as 5 en tot 7 jaar
 - c) meer as 7 en tot 10 jaar
 - d) meer as 10 en tot 15 jaar
 - e) meer as 15 jaar

Slytasie word afgetrek

Aanspreeklikheidspenk

- a) 100% van bruto eis
- b) 75% van bruto eis
- c) 50% van bruto eis
- d) 25% van bruto eis
- e) nul

AANHANGSEL B: PERKE (vervolg)

Afdeling D02: Huisbewoners	Voor 1 Augustus 2024	Vanaf 1 Augustus 2024
----------------------------	----------------------	-----------------------

D2.5 HUISBEWONERS UITBREIDINGS

D2.5.9 Kolhou of Perfekte Agt	Die bedrag deur jou aangegaan om 'n rondte drankies vir almal teenwoordig by die klub se kroeg te koop, beperk tot 'n maksimum van R5 000 per eis	- Die bedrag deur jou aangegaan om 'n rondte drankies vir almal teenwoordig by die klub se kroeg te koop, beperk tot 'n maksimum van R5 000 per eis; of R2 500
-------------------------------	---	---

D2.7 HUISBEWONERS VOORWAARDES

Son-installasies Die onderstaande perke is van toepassing: - Ouderdom van litium-ioon battery(e) a) tot 5 jaar b) meer as 5 en tot 7 jaar c) meer as 7 en tot 10 jaar d) meer as 10 en tot 15 jaar e) meer as 15 jaar	Slytasie word afgetrek	Aanspreeklikheidspenk a) 100% van bruto eis b) 75% van bruto eis c) 50% van bruto eis d) 25% van bruto eis e) nul
--	------------------------	--

Afdeling D03: Persoonlike alle risiko's	Voor 1 Augustus 2024	Vanaf 1 Augustus 2024
---	----------------------	-----------------------

D3.6 PERSOONLIKE ALLE RISIKO'S VOORWAARDES

D3.6.9 Diefstal uit voertuie		
- Diefstal van ongespesifiseerde items wat nie in 'n katebak of ingeslote kompartement versteek is nie - Diefstal van gespesifiseerde items wat nie in 'n katebak of ingeslote kompartement versteek is nie	- Nul - R5 000 per eis	- R1 000 per eis - R5 000 per eis

BOERDERY / KOMMERSIËLE AFDELINGS

Afdeling 18: Sonaanleg

18.6 SONAANLEG SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

Inaggenome die uitsluiting met betrekking tot **loodsuur en diepsiklus jel batterye**, is verwysings na hierdie batterye verwyder.

AANSPEEKLIKHEID AFDELINGS

Afdeling LF01: Gemeenregtelike aanspreeklikheid (Boerdery)	Voor 1 Augustus 2024	Vanaf 1 Augustus 2024
--	----------------------	-----------------------

LF1.4 GEMEENREGTELIKE AANSPEEKLIKHEID UITBREIDINGS

LF1.4.19 Oesbespuiting (slegs Boerdery)	Die algemene perk in die skedule genoteer	Die algemene perk in die skedule genoteer tot 'n maksimum van R5 000 000 vir enige enkele gebeurtenis en R5 000 000 in jou 12-maande dekkingperiode, bereken vanaf die relevante intree- of hernuwingsdatum
---	---	---